



Kraggakamma
Gemeente
Dus is God en freetuin van liefde

Kuberkamma

19 Januarie 2020

Voorspoedige en Geseënde 2020 vir al ons lidmate en lesers. Mag die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, oor julle harte en gedagtes die wag hou.

Romeine 12 vers 1 (NLV)

"Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in Sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is die soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

08h30 Eietydse Diens

09h45 Kategese opening vir Graad 1 tot 11 in die saal

10h00 Klassieke Diens

Die deurdankoffer gaan vir **Sinodaal – Hulp aan Gemeentes**

Program vir die Week

20 Januarie	17h30	Musiekbediening
	19h00	Gemeentebediening
21 Januarie	19h00	Leef@Kerk opening
22 Januarie	18h00	Selleiersopleiding
25 Januarie	05h00	Mannebyeenkoms te Lilylaan 68

[Die kommunikamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Preke

Die preek van 15 Desember 2019 is op die [webwerf](#) beskikbaar.

SKRIFLESING: 1 Joh 2 vers 1-12; 15-17, 22, 27

TEMA: Geen beurtkrag toegepas.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

19 Januarie	Jean Mouton, Jana Rademeyer en Kiaan Schoeman
20 Januarie	Lené Anker, Susan JvRensburg, Dorette Malan, Shaun Oosthuizen, Kristi van Loggerenberg
21 Januarie	Elmarie Loftie-Eaton, Jannie van der Merwe
22 Januarie	Anlea Albertyn, Moné Burger, Betsie du Toit, Juliet Mackenzie, Freddie van Wyk en Arno Vosloo
23 Januarie	Quinn Coetzer en Joeye Schnetler
24 Januarie	Monja Klopper
25 Januarie	Dave Cloete, Liezel Haarhoff, Karla Muller, Lance Opperman, Elsabe Pretorius, Dirk Rudolph en Zelda van Schaik



Padkos

God is nie maar net 'n Beloftermaker nie

Die Bybel is propvol beloftes, maar om God te reduceer tot 'n Beloftermaker, is om sy rol as Heer en Hemelse Vader mis te kyk. Dink maar hoe sal jy self voel as jou vrou of kinders gedurig vir almal loop en vertel van al die beloftes wat jy aan hulle gemaak het en waarop hulle staan, sonder om ooit te praat oor jou mooi verhouding met hulle. Sal jy nie kliphard wou uitroep jy is baie meer as net 'n klomp wandelende beloftes nie. Wel, dit geld ook van God. Hy wil regtig nie net bekendstaan vir al sy beloftes waaraan gelowiges gedurig moet vashou nie, maar vir sy voltydse nabyheid aan al sy kinders. Hy weet presies wat ons nodig het. So leer Jesus ons in Matteus 6. Ons kan gerus maar die detail hiervan aan Hom oorlaat en ons verhouding met Hom geniet. Omdat ons in Christus glo is God regtig ons Hemelse Vader. Hy is altyd naby. Hy is so naby dat Hy die hare op ons koppe getel het, soos wat Jesus ons leer in Matteus 10. Hy weet wat ons nodig het nog voordat ons gebid het. Glo dit en leef saam met God wat sy grootste beloftes lankal waar gemaak het.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Kuergroete tot volgende keer



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapsan.com